# *Piekfyn Afrikaans Graad 4 Eerste Addisionele Taal Leesboek - memorandum*

## ***Stories***

### *Die ondankbare pofadder* – Elsa Joubert (bl. 1)

1. Leerder se eie respons. Nee, die man het die pofadder uit die vuur gered en daarna wou die pofadder die man en sy kameel met sy giftande byt. Die koei en die hoender stem saam met die pofadder dat ʼn mens nie goedheid beloon aan ʼn persoon wat jou uit die moeilikheid gehelp het nie. Die jakkals stem saam met die man dat goedheid beloon moet word en dat ondankbare gedrag onaanvaarbaar is.
2. Leerder se opinie. Ja, die slang, die hoender en die koei is gewoond daaraan dat die mens wreed teenoor hulle optree en is daarom versigtig met sy vertroue. Nee, die slang, die hoender en die koei is ondankbaar en die gevolg is dat die slang se ondankbaardheid sy dood veroorsaak het.
3. Leerder se eie respons. Ja, die mens is onregverdig teenoor diere. Die mens vat die koei se melk, maar verkoop die kalfies en vat die hoender se eiers, maar verkoop die hoender aan die slagpale. Nee, die Bybel sê die diere wat die mens mag eet is ʼn bees, ʼn skaap, ʼn bok, ʼn takbok, ʼn gemsbok, ʼn ibeks ensovoorts. Dus, kan die diere nie die noodlot vlug nie.

### *Jakkals die skelm* – Linda Rode (bl. 7)

1. Leerder se eie respons. Jakkals, hy was slim en het die gat elke nou en dan gaan meet om te kyk of hy nog uit die gat kon glip. Wolf, hy was baie honger en wou net iets eet. Hy was onskuldig en naïef en nie slinks soos Jakkals nie.
2. Jakkals het ʼn voorstel gemaak dat hy en Wolf ʼn skaap gaan vang. Jakkals het homself dik gevreet en Wolf daar in die kraal gelos. Jakkals het wolf geroep sodat Wolf in die moeilikheid sou kom en die boer Wolf sou skiet.

### *Die groot dors* (bl. 10)

1. Leerder se eie respons. Die San se kennis oor diere en die natuur is groot. Die San is lief vir diere. San-spoorsnyers volg die spore van ʼn dier oor feitlik enige soort oppervlak of terrein. Hul vaardighede stel hulle in staat om te onderskei tussen die "spore" van ʼn gewonde dier en dié van die res van die trop.
2. Al wat die diere kon drink was mekaar se bloed./Bloed is rooi./Dit was gevaarlik om ʼn dier in daardie dae te wees – jy het nie geweet wie kom om jou te eet en jou bloed te drink nie.
3. Die son drink hulle lywe droog en hul oë bly dof. Die son droog hul oë op.
4. Hulle was bang vir sy slagtande.
5. Party diere kruip in die donker weg en sodra al die ander diere slaap, het hulle die diere bekruip en vermoor.

6. Valk soek in die dag sy prooi.
7. Hulle kon nie sonder vleis en bloed klaarkom nie.

## *Die drie varkies ('n vervolg)* – **Fanie Viljoen (bl. 13)**

1. Die drie varkies
2. Dat slinkse mense (of diere soos die "Wolf" in hierdie geval) jou sal boelie vir hulle eie gewin.
3. Sodat hy hulle projekte kon steel.
4. Die ander varkie, Spekvark. Hy het hulle geheuevingers gevat en hulle projekte op sy rekenaar gelaai sodat hy nie sy projek self moes doen nie.

## *Die vos en die druiwe* – **Rina Lamprecht (bl. 16)**

As 'n mens iet nie kan kry nie, maak jy dit sleg en verkleineer dit sodat ander mense dink jy wou dit in elk geval nie gehad het nie.

## *Die noordewind en die son* – **Rina Lamprecht (bl. 18)**

Met vriendelikheid kry 'n mens meer reg as om te raas en te blaas.

## *Olifant en reën kry stry* – **Rina Lamprecht (bl. 20)**

1. Quab, die olifant en Xanus, die reën.
2. Ja, sonder water is alles droog en verdor. Diere was dors en het swaar gekry. Sonder water sou diere gesterf het.
3. Hy was bang dat Olifant hom sou doodtrap.
4. Skilpad. Toe Skilpad sien al die ander diertjies kry swaar, het hy hulle laat drink van Olifant se water. Skilpad het Olifant oorwin.

## *Grote Griet, so baie geel goud!* – **Rina Lamprecht (bl. 23)**

1. Moenie dat jou begeertes lei tot 'n mate waar jy werklikheid smee omdat jy onkundige foute gemaak het wat nie altyd omgekeer kan word nie. Goud (geld) koop nie werklike geluk nie.
2. a) Midas. Die meeste verteltyd word aan hom gegee. Die verhaal/storie handel oor hom.
   b) Die gebeure in die verhaal wentel om die karakter; die leser fokus op die karakter; die leser het empatie met die karakter (voel jammer vir die karakter).
3. Alles wat Midas aan geraak het, het in goud verander (takkie, koringaar; pilaar; blomme; bome; kos; sy eie dogter); hy het dienaars gehad wat sy kos en lekkernye aangedra het; hy het in 'n paleis gebly.

## *Ver oor die berge tot by die blou see* – **Linda Rode (bl. 26)**

1. Eie respons
2. Eie respons. 'n Goeie invloed – die mense en diere het vrolik agter Flippie Flater aangestap en gedans toe hy fluit speel en hulle het 'n lekker dag op die strand gehad. 'n Slegte invloed – die mense en diere was uitgeput, vuil en honger toe hul eers laatnag terug by die plaas gekom het. Niemand het hul werk gedoen nie en eerder gaan speel.

3. Eie respons. Ja, om te dans en na musiek te luister maak ’n mens vrolik. Die mense en diere in die verhaal was vrolik en opgewek. Die sang en fluit in die verhaal het die mense en diere in ’n goeie luim geplaas.

---

# ***Drama***

## *’n Walvisjagter en sy harpoon* – Marita van Aswegen (bl. 29)

- Hartseer/ongelukkig. Wanneer diere ’n bedreigde spesie word, is die kans dat hul gaan uitsterf baie groot. Die klimaatsverandering, oliestortings en slag van walvisse veroorsaak dat walvisse gaan uitsterf. Dit is nie mooi van mense om walvisse dood te maak vir geen gewin nie.
- Groepbespreking.
  - Sekuriteitspanne of opgeleide vrywilligers op wildplase-, reservate- en tuine ontplooi om te sorg dat stropers nie die renosters doodmaak vir hul horings nie. –
  - Spoorsnyers kry wat die renoster sal kan opspoor voor hy of sy vermoor word of doodbloei as sy of haar horing reeds afgesaag is.
  - Satelliettoestelle in renosters plant om seker te maak waar die renoster is en of die renoster in gevaar is.
  - Die horing reeds afsaag in ’n gekontroleerde- en veilige omgewing en weer vry te laat.
  - Ondersteun ondersteuningsgroepe wat renosters probeer red.
  - Samel geld in om sekuriteitspanne te kan betaal om renosters op te pas.

## *Klein Aap se oorwinning* – Soos oorvertel deur oupa Polla Venter (bl. 33)

1. Eie respons. Hartseer/voel jammer vir die ape. Die Klein Aap word geterg en gespot en hy het nie maats nie. Die Mamma Aap is baie maer, want sy is baie siek.
2. Hy is baie maer; sy ribbes steek uit.
3. Nee, ander ape het die Klein Aap gespot en niemand het sy mamma gehelp om vrugte en bessies te pluk van die bome af nie – hulle moes dié eet wat van die boom afgeval het. Nadat die Klein Aap die koning se doring uit sy voet getrek het, het die koning en kraai van hulle gehou.
4. Nee, dit is verkeerd/wreed om op ander mense af te kyk en te viktimiseer.
5. Sy vryf met haar hand oor sy hare.
6. Sy vingers is klein genoeg om die doring uit te trek.
7. Ja, elke keer as iets nie na ons kant toe kom of dit nie met ons goed gaan nie en ons ’n goeie daad aan iemand bewys, gaan dit beter. Dus, alles gebeur met ’n doel.

## ***Gedigte***

### *’n Vlermuis wat le in die gang* – Ellen Botha (bl. 37)

1. ’n Vlermuis
2. ’n Muis wat in die huis bly
3. In die gang in die huis.
4. Nee. Sy dink die vlermuis is ’n engel omdat dit sagte vlerke het.

### *Se ’n kiem in die keel van Hermien* – Ellen Botha (bl. 38)

1. Nee. Daar staan die kiem kan “skaars” uit sy oë sien.
2. Deurmekaar
3. Penisillien
4. “hoes” en “proes”

### *Die dieretuindiere* – Elizabeth van der Merwe (bl. 39)

1. Vyf strofes
2. “hoerê”/“hoera”
3. ’n Jong kind wat saam met maats dieretuin toe gaan.
4. a) likkewaan, wolf, beer, krokodil
   b) slang
5. Gespring, geklim, gelag en geskree.
6. a) Neute
   b) Die kinders en toeskouers
7. a) Groen en blou
   b) Kringetjies en kolletjies – rond
   c) “grille” en “giere”
8. Die Groot 5 is: leeu, olifant, renoster, buffel en luiperd. Al vyf hierdie diere kom ook in die gedig voor.

### *Vlermuise en vlooie* – Bettie Aucamp (bl. 43)

1. “koek in jou hare”; “maak vreeslike nare geluide”; “tjirr op jou kop”; “skop tot hy magteloos is”
2. Eie antwoorde
3. tjirr - Wanneer hy moeg/magteloos is.
4. Eie antwoorde. Die spreker se oë rek al groter.
5. “Byt”, “knaag” en “spring rond”

### *Die wedloop* – Hendrik Lemmer (bl. 46)

1. Eie response. Atletiek; wedloop. Tussen haas en skilpad.
2. Die skilpad, Klaas. Nee, Klaas se tweelingbroer het eintlik weggespring en halfpad aan die slaap geraak terwyl Klaas eintlik by die wenpaal gewag het.

3. Hulle “fluit” en “raas.
4. Die meerkat. Die meerkat dra die koeldrank aan.
5.

| **Kolom A**<br>**Dier** | **Kolom B**<br>**Naam** |
|---|---|
| a) olifant | Ollie |
| b) krimpvark | Borselkop |
| c) tier | Vlekvel |
| d) skilpad | Klaas |
| e) has | Hasie |
| f) leeu | Koning |
| g) bobbejaan | Bôgom |

## *In Vaaldam woon ’n draak* – Piet Swanepoel (bl. 48)

1. Nee. Drake het al uitgesterf. Al die drake is al deur die mense geskiet. Niemand weet van hierdie draak nie.
2. Die spreker is bang vir die draak. “. . . dalk moet ek maar bly, want sê nou hý kom kyk . . .”

## *Patrys* – Marita van Aswegen (bl. 49)

1. “koes”
2. Hardloop wye draaie, verdwyn dan. Die kudde-gedrag help hulle roofdiere vermy, want individue in ’n kudde is moeiliker vir 'n roofdier om te vang.
3. Eie antwoorde

## *Versies vir die vaak* – Lucas Malan (bl. 50)

1. Hulle sal nie van die vlermuise hou nie.
2. Hulle weet die dood kom nader en daarom hou hulle nie van die donker nie.
3. Eie respons. Rotte, vlermuise, buidelrotte, ystervarke, hamsters, ietermagô ensovoorts.
4. Die kat verbeel haar net. Sy verbeel haar dat sy familie van die Egiptiese katgodin, Bast, is.
5. Die kat lê en spin op sy bed en dit klink of sy hom baie lang stories vertel. Leerders se eie menings.

## *Die leeu en die perd* – Die leeu en die perd (bl. 52)

1. Die Khoi was eers herders en het toe die jagter-versamelaar leefstyl van die San aangeneem. Die Khoi-volk het die San-volk se leefstyl aangeneem en hulle is toe die Khoisan genoem. Die Khoi en die San deel fisiese en waarskynlike taalkundige eienskappe (tongklappe van konsonante; kleredrag; fisiese voorkoms). Die Khoi en die San-volk het soortgelyke fisiese eienskappe: kort, koper bruin vel, hoë wangbene; oogplooie (lagplooie). ’n Mens tref hierdie groepe in die Kalahari-woestyn (Botswana en Namibië) aan.
2. Eie respons
3. ’n Paar ure. “eers baie ure later” het die San-vrou weer ’n mens geword en kon die Khoi-man uit die boom klim.

4. “bibberende” en “hol weg”. Hy het gebewe, hy het weggehardloop en hy het nooit weer daar gekom nie.

---

# ***Inligtingstekse***

## *Die geskiedenis van “Nkosi Sikelel’ iAfrika”* **(bl. 54)**

- Enoch Mankayi Sontonga is in <u>1873</u> gebore en het in 1905 gesterf.
- Die gesang was ’n gebed wat God vra om <u>Afrika</u> en sy mense te seën.
- Enoch het die lirieke vir hierdie gesang geskryf in ’n <u>oefeningboekie</u>.
- Enoch het die <u>boek</u> uitgeleen aan ander kore.
- Nkosi Sikelel’ iAfrika is in <u>1899</u> gesing tydens die inhuldiging van Eerwaarde Boweni.
- Die lied het verskyn in ’n Presbiteriaanse Xhosa-gesangeboek, en later ook in ’n <u>Xhosa</u>-digbundel.

## *Ken jy potjiekos?* **(bl. 57)**

1. Sit die pot op ’n vuur wat nie te warm is nie. Gooi ’n kwart koppie olyfolie daarin. Sny ’n groot ui stukkend en braai dit in die olyfolie.
2. Braai agt hoenderboudjies in die pot totdat dit bruin is. Trek die pot eenkant en gooi twee handevol heel sampioene in die pot.
3. Skil vier aartappels en vier wortels en sny dit middeldeur. Sny ’n paar klein murgpampoentjies in skywe en gooi al die groente bo-op die hoender in die pot.
4. Kap ’n knoffelhuisie fyn en gooi dit by die groente in die pot.
5. Strooi ’n teelepel sout, ’n knippie peper, ’n knippie hoenderspesery, blatjang en bietjie water oor die hoender en groente in die pot.
6. Sit die deksel op die pot. Skuif die pot bietjie nader aan die vuur.
7. Hou jou oor by die pot. Dit moet so prit-prit-prit maak. Dan weet jy die hitte is reg.
8. Laat dit kook totdat die aartappels en wortels sag is. Dan weet jy die hoender wat onder is, is ook gaar.
9. Roer laastens ’n halwe koppie room vinnig deur alles, maar moenie ’n pappery maak nie.

## *Instruksies: Hoe om ’n kaart met geheime skrif te maak* **(bl. 59)**

1. ’n Skoon vel papier, suurlemoensap en ’n kwassie.
2. In die biblioteek of op die internet
3. Dit help jou om te bepaal waar jy is.
4. Sit die kaart in die son of hou dit by ’n aangeskakelde gloeilamp.
5. Bruin of geel

## *Kopkrappers* **(bl. 64)**

Van links bo:

- Spinnekop

- Hy het op ’n blok ys gestaan en die ys het gesmelt.
- Sout
- Robbeneiland
- Hulle is almal soogdiere. Hulle is gewerweld en warmbloedig. Elkeen het ’n hart met vier kamers en hulle het almal aan hulle ma’s gedrink. Hulle is dus gesoog.
- Diamant

## *Grafiek: Ballonne* (bl. 65)

1. Ballonne
2. Blou
3. Rooi. Daar is net 15 rooi ballonne opgeblaas.
4. 20
5. 5
6. 60
7. 15

## *Kennisgewings* (bl. 70)

1. Veiligheid by die skool
2. Ja, hy is ’n speurder.
3. Die brandweer
4. Na die skool se ingangsportaal.

---

# ***Sosiale tekse***

## *E-posboodskappe* (bl. 76)

1. Alet Swart
2. Vernon Arendse
3. 20:45 nm
4. 12 Maart 2013
5. Vernon moet haar kom help om die diere by die DBV te versorg.
6. Sy hou baie van diere.
7. Ja
8. ’n Roomys

## *Teksboodskappe (SMS’e)* (bl. 78)

1. Alet, wil jy ook help om geld in te samel vir die DBV? Nathi
2. Nathi, hoe spel ’n mens “dinosourus”? Vernon

## *Uitnodiging* (bl. 81)

1. Mense wat eensaam is en ’n nuwe vriend nodig het.

2. By die Katkop DBV
3. Vanaf 8 vm. tot 10 nm.
4. Hulle vra net ’n donasie.
5. Chistel Els 001 – 678 2345

# ***Mediatekse***

## *Artikel: Rekenaars bemors die aarde* (bl. 83)

1. Radio’s, televisies, rekenaars, selfone.
2. Omtrent 1 miljoen ton
3. eWASA (Die “e-Waste Association of South Africa”)
4. Dit kan werk skep.

## *Kennisgewings* (bl. 86)

1. Dalk ’n vrugteboer
2. By ’n druiweboord
3. By ’n besigheid of by iemand se huis of plaas.
4. Dalk ’n munisipaliteit
5. Ja

## *Advertensie: Knyp ’n tydjie af* (bl. 87)

1. Om tyd te maak vir iets.
2. Museums
3. Kuns-, oorlog-, speelgoed-, sport-, wetenskapmuseums, ens.
4. Iets wat lyk soos ’n ruimtemannetjie.
5. Nuuskierig
6. Ja, dalk in ’n kunsmuseum.
7. Dit pas by die woorde “Knyp ’n tydjie af”.
8. Die antwoord is oop vir interpretasie.